Die prentjie lyk bleek vir dié onderrig, maar daar is hoop

Te groot klasse en onderwysers en hoofde wat nie opgelei is om kinders se leerprobleme met insig te hanteer nie, is van die kernoorsake waarom dié kinders dikwels nie met sukses in hoofstroomskole geakkommodeer word nie.
Só meen me. Annelie Ferreira, onderwyskundige aan die Vrystaatse Universiteit.
Volgens haar dui internasionale statistieke daarop dat sowat 10% van leerlinge spesiale behoeftes het. In Suid-Afrika meen kundiges kan dit in sommige skole tot 40% wees.
Ferreira sê daar was vroeër jare in voorheen bevoorregte (wit) skole meestal remediërende onderrig of spesiale klasse. Met die herskikking van die onderwysstelsel en formules waarvolgens personeel aan skole toegeken word, het dit verander.
Skole kry ingevolge leerlingtalle 'n sekere (beperkte) aantal personeellede.
Daarom is dit vir baie skole meer aanvaarbaar om nie 'n remediërende onderwyseres aan te stel nie, eerder as om byvoorbeeld 'n gr. 3-klas met meer as 50 leerlinge te hê.
Omdat die klem deesdae op inklusiewe onderrig en meer ondersteuning in die hoofstroomklaskamer is, bied min universiteite nog kursusse aan om onderwysers op te lei om spesiaal te werk met leerlinge wat outisties of verstandelik gestremd is.
"Terselfdertyd is die indiensopleiding van onderwysers in dié veld onvoldoende.
"Onderwysers sit dus met leerlinge met spesiale behoeftes in hul klasse, maar hul opleiding het hulle nie daarop voorberei nie."

)))
Wat staan ouers dan te doen?
Mev. Palesa Tyobeka, adjunk-direkteur-generaal belas met spesiale onderrig in die nasionale onderwysdepartement, sê ouers moet by hul naaste onderwysdistrikskantoor of die onderwyshoofkantoor in hul provinsie gaan aanklop.
Volgens haar het elke provinsie 'n inklusiewe onderrig-eenheid met opgeleide personeel wat ouers kan help om hul kinders by die regte skole geplaas te kry. Dié personeel is ook opgelei om onderwysers by te staan om 'n omgewing te skep waarin alle leerlinge welkom voel, insluitende dié met gestremdhede.
Tyobeka wys daarop dat inklusiewe onderrig 'n "proses" is en dat die departement opleiding van onderwysers as 'n prioriteit beskou.
"Dit is egter 'n komplekse proses wat nie oornag kan gebeur nie."
Op die vraag hoe ver die regering met die uitvoering van sy beleid vir inklusiewe onderrig is, sê Tyobeka 'n aanvoorprojek is in 30 onderwysdistrikte landwyd gedoen waar gefokus is op 'n strategie oor hoe onderwysers leerlinge met spesiale behoeftes moet identifiseer, assesseer en ondersteun.
Dié projek gaan na alle onderwysdistrikte uitgebrei word. Twaalf hoofstroom-laerskole is ook geïdentifiseer om voldiensskole te word wat ingerig sal word om leerlinge met verskeie gestremdhede te huisves.
Ferreira sê ondersteuning vir skole en ouers op distriksvlak is al in teorie daar, maar die probleem is dikwels dat daar te min beroepslui soos terapeute en sielkundiges in van die distrikte beskikbaar is.
Die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) en die Nasionale Professionele Onderwysersorganisasie (Naptosa) het dit onlangs beaam en gesê meer geld is nodig vir hulpmiddels en toerusting wat skole nodig het om leerlinge met spesiale behoeftes te onderrig. Ferreira meen ouers moet aandring op die hulp wat skole van distrikte moet kry.
"Hulle moet ook kennis neem van beleidsdokumente wat byvoorbeeld te doen het met alternatiewe assesseringsmetodes, wat bepaal dat 'n leerling wat stadig werk, die reg het op meer tyd in toetse en eksamens en dat leerlinge wat disleksies is, die reg op mondelinge assessering het."

)))

Dr. Elda de Waal, dosent in onderwysreg aan die skool vir opvoedkundige wetenskappe aan die

Vaaldriehoek-kampus van die Noordwes-Universiteit (NWU), sê skole of onderwysers wat leerlinge met spesiale behoeftes op enige wyse "uitstoot" of dit vir hul ouers moeilik maak om hulle op skool te hou, tree ongrondwetlik op.

"Nie alle onderwysers is goed genoeg opgelei of ingelig om leerlinge met spesiale behoeftes suksesvol in die klaskamer te akkommodeer nie. Onderwysers moet egter besef hulle is nie sielkundiges nie en geen gewone onderwyser behoort aan 'n ouer voor te skryf om sy kind op medikasie te sit nie."

De Waal meen die onderrig van leerlinge met spesiale behoeftes in hoofstroomskole kan positief omgedraai word as onderwysers dalk minder fokus op die energie wat nodig is om dié kinders te onderrig en dit eerder as 'n uitdaging en voorreg begin beskou om hulle te kan onderrig.